WEEK 8 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

GEMEENTENUUS

NG Bedelia, Welkom se Wildsfees: Alhoewel dit nog geruime tyd is voordat hierdie geleentheid plaasvind, wil die gemeente reeds met die bemarking daarvan begin. Klik gerus **hier** vir al die besonderhede rakende die geleentheid, asook die kompetisie wat daarmee saamloop.

Ander gebeure in ons streek:

Hanna, 'n gemeenskapsteaterprojek: Hierdie produksie is die grootste Afrikaanse gemeenskapsteaterprojek in Suid-Afrika, met meer as 100 akteurs, sangers, dansers en ekstras wat op die verhoog te siene sal wees. Die hoofrolle word deur professionele akteurs vertolk en die kleiner rolle word deur mense uit die Bloemfonteinse gemeenskap aangevul. *Hanna* is deur Maretha Maartens geskryf, met Susan Coetzer in die titelrol en musiek deur Louis Brittz. Michelle Hetzel behartig die regie en Jaco Bezuidenhout die musiekregie. Dit gaan op **Vrydag 12 April 2019 (om 19:30) en Saterdag 13 April 2019 (om 10:30 en 19:30)**, in die Sand du Plessis Teater op die planke wees. Kaartjies kos R100 elk, vir pensionarisse en groepbesprekings van 10 of meer is dit R90 elk - bespreek gerus jou plek by *PACOFS*, 051 447 7772.

In kort handel die teks oor Hanna wat kinderloos is. Haar man, Elkana moet seuns hê om sy priesterlike pligte as Leviet voor die Here na te kom. Ná tien jaar trou Elkana weer. Peninna skenk die lewe aan die een kind ná die ander, maar Hanna sukkel met Peninna se teenwoordigheid. Die storie handel oor Hanna se wroeging met die Here oor haar kinderloosheid, haar verskille en gevoelens teenoor haar man en sy nuwe vrou, Peninna, asook die uiteindelike seun wat die Here vir haar gee naamlik Samuel.

Hanna word in samewerking met die *ATKV*, *PACOFS*, *Bloemnuus*, *Volksblad*, *Radio Rosestad* en *Lux Verbi* (NB-uitgewers) aangebied:

OPLEIDINGSGELEENTHEDE

TRAUMATIC INCIDENT REDUCTION-WERKSWINKEL

Leer weer vlieg! *Is jy frustreerd in jou berading? Help dan mense om uit die kokon te kom en weer te kan vlieg!* Kom leer uiters bruikbare tegnieke om jou in berading en lewensbegeleiding te help, veral met die fokus op traumahantering. Hierdie geleentheid vind **vanaf 8 - 11 April 2019** by die NG Gemeente Pellissier in Bloemfontein plaas - klik **hier** vir meer

inligting. Enige navrae kan aan ds Petri Coetzee op 084 207 3508, of p3coetzee@icloud.com gerig word.

Werkswinkel - Die behandeling van persone met substansgebruiksversteurings: Hierdie geleentheid is gerig op professionele persone, ***ook predikante***, wat nie spesifieke opleiding het in die spesiale vaardighede wat nodig is om effektiewe dienste aan mense met substansgebruiksversteurings te kan lewer nie. Die doel van hierdie werkswinkel is om 'n basiese inleiding tot die identifisering en bestuur van substansgebruiksversteurings te bied. Werkswinkels deur die SANCA Aurora Sentrum, word op verskeie plekke aangebied en die **geleentheid in Bloemfontein vind op 24 & 25 Junie 2019** plaas. Klik **hier** vir meer inligting en die registrasievorm - ***daar is afslag vir diegene wat vóór 15 Maart 2019 registreer en betaal***. Vir enige navrae, kontak vir Marietjie Landsberg op 051 447 4111 (k), of per e-pos by info@auroracentre.co.za

'n VBO-geleentheid - Studietoer na Isreal: Wou u nog altyd graag na Israel reis? Besoek die Heilige Land vanaf **21 - 29 November 2019** saam met proff Francois Tolmie en Fanie Snyman, asook dr Lodewyk Sutton van die UV se Fakulteit Teologie en Religie. Belangstellende leraars kan elk **30 - 50 x VBO-punte verdien** (30 punte vir die besoek en 'n verdere 20 punte vir die inhandiging van 'n werkstuk ná aanleiding van dié besoek). **Deposito's is teen 31 Maart 2019 betaalbaar** - klik ook **hier** vir meer inligting, sowel as die skematiese voorstelling van die reisplan. Rig enige navrae hieroor aan dr Sutton by suttonl@ufs.ac.za, of by OberholzerM1@ufs.ac.za

<u>Neem asseblief kennis:</u> Dit is die beleid van *Vrypos* om geen toere te adverteer nie, maar omdat hierdie toer 'n VBO-geleentheid is, word 'n vergunning gemaak.

Klik **hier** vir 'n 2019-Jaarprogram van die Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling se opleidingsgeleenthede.